NEUTEDOPPER

GEREFORMEERDE KERK AKASIA

VOLUME 25
NR 25
9 JULIE 2017



OGGENDDIENS 09:00

Vir ie volgende drie weke word die eredienste saam met en by die Gereformeerde Kerk Pretoria-Noord gehou. (GEEN eredienste by Akasia nie)

Sondae: 9, 16 en 23 Julie
H/v Jack Hindon- en Geneaal de Wetstraat Pretoria-Noord
Tye: 09:00 EN 10:15

Sondag 30 Julie sal ds Hannes Noëth van Totiusdal die diens by Akasia lei.

PREKE: http://www.gkerkakasia.org.za/preek-opnames/

GELOOFSLEERBYEENKOMS 18:00

Volgende byeenkoms 30 Julie 2017

KOLLEKTES

Spesiale Kollekte:
13 Augustus: GKSA Teologiese Studentekas
27 Augustus: GKSA Teologiese Studentekas

KALENDER

JULIE

20 Musiek
24 Skole open
Seniorlidmate Bestuur; Emosionele Ondersteuning
27 Diakonie
30 Susters: Algemeen

AUGUSTUS

3 Etiekgesprek
5 Diakonie: kuierdag
10 Etiekgesprek
13 Voorbereiding; Diakonie: Kinderhuisprojek
19 Kameeldrift tee
20 Nagmaal; Kategete; Wyksverteenwoordigerbyeenkoms; Lektuur; Nagmaalete
24 Etiekgesprek; Diakonie
27 Bewaring en Herwinning
28 Emosionele Ondersteuning

SEPTEMBER

2 Diakonie: Lengteontbyt
3 Lektuur: Lenteboekuitstalling
7 Etiekgesprek
9 Bybelvasvra
13 Finansies
14 Seniorlidmate: Ete; Etiekgroep
16 Diakonie: Bosberaad; Diakonie: Inryfliek
20 Administrasie
21 Etiekgesprek; Diakonie
23 Terreinbespreking
25 Susters: Bestuur
28 Etiekgesprek
29 Skole sluit

MEELEWING

Wanneer die lewe jou ‘n honderd redes gee om te gaan lê, wys die lewe dat jy tot alles in staat is deur Christus wat jou krag gee.

VERJAARSDAE Gelukkige verjaardag!

07/09	Wanica	Erasmus	C4	0125422812	0798255753
07/10	**Roelf**	**Jansen Van Vuuren**	**D1**	**0125422906**	**0828011824**
07/11	Lorenique	Roelofse	D4		0736693338
07/11	Tinus	Van Wyk	A3	0125423963	0828590554
07/15	Jaap	Lötter	B3		0824641461
07/15	Marié	Van Wyk	A3	0125423963	0828202599

SUSTERS

Teebeurte

Julie: A1 en A2 Augustus: A3 en A4 September A5 en A6

BYBELSTUDIE

Amandasig: Donderdag 3 Augustus 2017 (10:00) Huis Nr 37. Kontak Annatjie Briel 0125656046/+27723688939 (1ste en 3de Donderdag van die maand)

Eden: Dinsdag 1 Augustus 2017 (09:30) by Simon Lessing (nr 6) Kontak: Dina Leibowitz 0125425141/ +27833204566 (1ste en 3de Dinsdag van die maand)

Snr 2000: Dinsdag 8 Augustus 2017 (10:15) aan huis van Elsa de Waal huis 7. Kontak: Danie Malan 0125424241 /+27842233315 (2de en 4de Dinsdag van die maand)

Theresaburg: Dinsdag 8 Augustus 2017 (9:00) Kontak: Nella van der Deventer 0125422688 / +27848022262 (2de en 4de Dinsdag van die maand)

FINANSIES

My dankoffer: Die Verbondsgod se uitdaging aan my

My dankoffer is nie bloot ‘n saak waar ek ‘n bepaalde offer in die vorm van geld aan die kerk gee nie. Die Here sien my dankoffer in ‘n baie wyer lig.

Die Here verbind die dankoffers van sy kerk, van die gelowiges met sy seën in die natuur. *“Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe, sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie”* **(Mal.3:10.)**

Die Here rig ‘n uitdaging aan sy verbondsvolk, sy kerk. Hy gee in werklikheid ‘n opdrag.

Die belangrike vraag is: Is die kerk bereid om hierdie opdrag uit te voer? Ons beleef juis nou ‘n ernstige droogte.

Indien gelowiges huiwer om die Here se opdrag uit te voer, is dit omdat ons so vashou aan aardse dinge, veral aan geld. Ons maak geld bymekaar, om ons teen moontlike tekorte in die toekoms te beskerm. Die gevolg hiervan is dat ons ons dankoffers aan die Here verwaarloos. Wat gebeur? Die Here die Almagtige beskik tans ‘n tekort aan reën. Die tekort aan reën werk mee dat die tekort wyer uitkring. Vleispryse styg en kos moet ingevoer word wat dit duurder maak. Ons loop juis die gevaar om tekorte te beleef, ten spyte van ons eie voorsiening.

Die Here se opdrag staan dat sy kerk Hom moet toets en die volle tiende, dit is die dankoffer wat die Here verwag, sal gee.

Ons Verbondsgod, die Here die Almagtige het ook ‘n belofte saam met die opdrag gegee. Vir sy kerk wat Hom liefhet en Hom gehoorsaam, deur die dankoffer te gee wat Hy verwag, sal Hy seën beskik. Hy sal die seën van meer as genoeg reën beskik, sodat daar genoeg sal wees om van te leef en sodat ander die vrug van ‘n lewe naby God kan sien.